

4 September

Skrifgedeelte: Jeremia 17:1-13

Fokusgedeelte: Jeremia 17:7,8

God seën elkeen wat by Hom krag soek

Die vloek (vers 5) en die seën (vers 7) wat op 'n mens kan rus, word onderskeidelik met twee verskillende beelde voorgestel: 'n kaal bossie in die woestyn en 'n boom wat by water geplant is. Die mens bedrieg homself vreeslik maklik (vers 9). Hy wil hê dit moet met hom goed gaan, maar dan gaan soek hy sy hulp en krag op die verkeerde plek. Israel word daarop gewys dat hulle deur die Babiloniërs bedreig word, maar hulle maak staat op 'n verdrag met Egipte en onderhandelings met die vyand. Die Here sê dat as jy op jou eie vernuf en ander se hulp alleen staat maak, is jy soos 'n bossie in die droë veld wat besig is om stadig dood te gaan. So 'n bossie het water nodig en kan dit nie self voorsien nie. Hy het, soos al die ander bossies rondom hom, nie genoeg vir sy eie behoeftes nie en hy kan ook nie uitdeel nie. Wat maak 'n mens as die bank nie wil leen nie, die pille nie wil help nie, die ekstra klasse nie die resultate oplewer waarop jy gehoop het nie? Wat 'n vloek is dit nie!

Die boom het ook water nodig en kan dit nie self produseer nie, maar hy stoot sy wortels uit na die stroom. So is iemand wat op die Here vertrou. God het sy bedrieglike hart genees, hom gewys dat geen mens genoeg innerlike krag vir sy eie behoeftes of vir dié van ander het nie. So 'n persoon kan net een ding doen. Hy omhels God in die geloof omdat hy weet God is die lewe en God gee die lewe. Jesus het vir die Samaritaanse vrou gesê (Joh 4:13): "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry, maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie." So 'n boom hou nie op om vrugte te dra nie, want hy kry sy water by die stroom. Wie in Christus is en God se Gees het, kry genoeg krag en genade by God om te (oor)leef én uit te deel.

Sing: Psalm 1:1,2 Ds PH Fick (Komatipoort)